

# BESTORWE BOEDELS

ALLES WAT JY MOET WEET

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA
BLACK LAWYERS ASSOCIATION
CAPE LAW SOCIETY
KWAZULU-NATAL LAW SOCIETY
National Association of Democratic Lawyers
Equality and Justice
THE LAW SOCIETY OF THE NORTHERN PROVINCES
DIE PROKUREURSORDE VAN DIE NOORDELIKE PROVINSIES

JOU PROKUREUR - JOU VERTROUDE RAADGEWER

Hierdie brosjure sal u inlig oor die hoofeienskappe van die administrasie van 'n bestorwe boedel, asook die regsaspekte betrokke.

Dit is raadsaam om 'n prokureur te raadpleeg om u testament op te stel en daar word aanbeveel dat u prokureur in u testament as die Eksekuteur van u boedel aangewys word.

U prokureur
- sal u adviseer oor enige potensiële probleme wat mag opduik;
- sal enige regsaangeleenthede wat u mag teëkom hanteer;
- het die nodige kennis en vaardigheid om te verseker dat u testament opgestel word in ooreenstemming met u instruksies; en
- sal verseker dat u testament behoorlik verly is en geldig en bindend is ingevolge die Wet op Testamente.

## Wat gaan met my testament en bates gebeur wanneer ek sterf?

Die beste manier om te verseker dat u bates na u dood volgens u wil en instruksies verdeel word, is om 'n testament op te stel. Dit bied aan u die geleentheid om 'n Eksekuteur aan te stel om u bates te hanteer. Indien u sou sterf sonder 'n geldige testament, kan u familie ongerief verduur en selfs ernstige teëspoed beleef.

Waar 'n persoon sterf sonder 'n geldige testament, sal die boedel ingevolge die Wet op Intestate Erfopvolging toeval. In sodanige omstandighede sal die boedel toeval aan die langslewende eggenoot of die langslewende eggenoot en kinders van die oorledene en kleinkinders (waar 'n kind voor die oorledene gesterf het en kinders agtergelaat het). Waar daar geen afstammelinge is nie, sal die ouers erf en, in hulle afwesigheid, sal die broers en susters erf.

## Hoe werk die beredderingvan 'n bestorwe boedel?

Wanneer 'n persoon sterf en enige bates of 'n testament nalaat, moet die langslewende eggenoot – of indien daar nie 'n langslewende eggenoot is nie, die naaste familielid wat woonagtig is in die distrik waar die dood plaasgevind het – binne 14 dae vanaf die datum van afsterwe, die boedel op die voorgeskrewe wyse by die Meester van die Hoër Hof aanmeld.

Nadat die boedel aangemeld is, stel die Meester 'n Eksekuteur aan deur 'n Eksekuteursbrief (as die oorledene se bates 'n bruto waarde van meer as R125 000 het) of 'n Magtigingsbrief (as die oorledene se bates 'n bruto waarde van minder as R125 000 het) uit te reik.

U prokureur het die vaardigheid en kennis om u by te staan met die voorbereiding van die nodige aanmeldingsdokumente en om die behoorlike beredderingvan die boedel te behartig.

## Wie kan aangestel word as 'n Eksekuteur om die beredderingvan 'n boedel te behartig?

Dit is raadsaam om u prokureur as Eksekuteur aan te stel, omdat hy/sy:
- bekend sal wees met die bepalings in u testament;
- sal weet waar u bates is;
- algemene inligting sal hê van u familie-aangeleenthede;
- in staat sal wees om u boedel af te handel en oordragregistrasies van enige vaste eiendom vinnig uit te voer; en
- gespesialiseerde regskennis van die beredderingsproses sal hê.

'n Familielid kan egter ook saam met u prokureur as Eksekuteur aangestel word.

## Wat is die Eksekuteur se rol?

Daar word van die Eksekuteur verwag om
- die oorledene se bates in te vorder,
- sy/haar laste te vereffen,
- enige legatarisse te betaal, en
- die balans van die boedel onder die erfgename te verdeel ingevolge die testament van die oorledene of die Wet op Intestate Erfopvolging waar die oorledene dood is sonder 'n testament.

Die Boedelwet laat in uitsonderlike omstandighede toe dat die langslewende eggenoot die eiendom van die oorledene of 'n gedeelte van die eiendom oorneem, onderhewig daaraan dat

voldoende sekuriteit deur die langslewende eggenoot verskaf moet word om enige minderjarige se gedeeltes te beveilig. Die erfgename in die boedel is ook daarop geregtig om 'n Herverdelingsooreenkoms aan te gaan wat aan die Meester voorgelê moet word vir goedkeuring en aanvaarding. Gespesialiseerde advies deur 'n prokureur word gewoonlik vereis in sulke omstandighede.

## Wat moet mens nog weet om meer vertroue te skep in die proses van boedelbereddering?

Die Eksekuteur mag, voor die rekening ter insae gelê het en met die toestemming van die Meester, 'n bedrag geld en enige eiendom uit die boedel vrystel wat na die mening van die Eksekuteur voldoende is om te voorsien in die onderhoud van die oorledene se familie of huishouding.

Waar die boedel solvent is en daar genoeg fondse is, kan die Eksekuteur voorskotte aan erfgename en legatarisse maak op rekening van hulle erfporsies en erflatings. Dit is hoofsaaklik die geval waar die langslewende eggenoot die erfgenaam is of waar daar moontlik 'n vertraging in die indiening van die rekening gaan wees.

## Wat gebeur rakende die boedelrekening?

So gou moontlik na die aanmelding van die boedel, bepaal die Eksekuteur die waarde van die bates en laste in die boedel soos op die datum van afsterwe.

Nadat die Eksekuteursbriewe uitgereik is, moet die Eksekuteur 'n kennisgewing publiseer in die Staatskoerant en in een of meer koerante wat gesirkuleer word in die distrik waar die oorledene normaalweg woonagtig was, wat 'n beroep doen op alle persone wat 'n eis teen die boedel wil instel om die eis binne 'n spesifieke tydperk, wat gewoonlik 30 dae vanaf die datum van die laaste publikasie is, by die Eksekuteur in te stel.

Daana, maar binne 'n tydperk van 6 maande nadat Eksekuteursbriewe toegestaan is of sodanige verdere tydperk as wat die Meester toelaat, is die Eksekuteur verplig om 'n likwidasie- en distribusierekening van die boedel aan die Meester voor te lê.

Die Meester sal hierdie rekening bestudeer en, as dit in order is, die Eksekuteur magtiging gee om die rekening te adverteer om ter insae te lê. Die Eksekuteur se rekening moet ter insae lê in die Kantoor van die Meester – en as die oorledene normaalweg in 'n ander distrik woonagtig was, moet 'n duplikaat van die rekening ter insae lê in die Landdroskantoor – vir nie minder nie as 21 dae, vir insae deur enige persoon wat in die boedel belangstel. Die Eksekuteur moet 'n kennisgewing publiseer in die Staatskoerant en in een of meer koerante wat gesirkuleer word in die disrik waar die oorledene normaalweg woonagtig was, wat die tydperk waarin en die plek waar die rekening vir insae sal lê weergee.

Wanneer die insaetydperk verby is, sal die Meester die Eksekuteur in kennis stel dat die rekening sonder enige besware vir insae gelê het. Die Eksekuteur kan dan die krediteure betaal en die boedel onder die erfgename verdeel in ooreenstemming met die rekening. Die Eksekuteur sal die kwitansies en kwytskeldings van die krediteure en erfgename by die Meester inhandig.

As die Eksekuteur in besit is van fondse van R1 000 of meer, moet hy/sy 'n boedelbankrekening oopmaak. Daar is egter van hierdie vereiste afgesien waar 'n praktiserende prokureur sy/haar trustrekening gebruik om die oorledene se boedelfondse te administreer.

## Belasting op Toegevoegde Waarde, Kapitaalwinsbelasting en Inkomstebelasting

Die Eksekuteur moet vasstel of die boedel aanspreeklik is vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) en/of inkomstebelasting.

As die oorledene as 'n verkoper geregistreer was, sal die Eksekuteur moontlik die boedel moet registreer vir BTW-doeleindes, aangesien daar BTW-implikasies sal wees. Die Eksekuteur sal moontlik uitsetbelasting aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens moet betaal op alle bates in die oorledene se onderneming. Dit mag vir die Eksekuteur moontlik wees om die onderneming as 'n lopende saak aan 'n ander BTW-verkoper te verkoop en hierdie transaksie vry te stel van BTW.

Die Inkomstebelastingwet bepaal dat wanneer 'n persoon sterf, hy/sy geag word om al sy/haar bates aan die bestorwe boedel te verkoop het vir 'n bedrag ontvang of toegeval gelyk aan die markwaarde van sodanige bates, en die bestorwe boedel word geag om die bates aan te geskaf het vir hierdie markwaarde. Dit is die algemene beginsel, maar daar is uitsonderings. Byvoorbeeld, die bates wat aan die langslewende eggenoot toeval met die dood van die eersgestorwe eggenoot word nie geag as van die hand gesit met die dood van die oorledene nie.

In baie boedels is inkomstebelasting betaalbaar. Dit kan 'n invloed hê op die bedrag van die erfporsie wat aan die erfgename beskikbaar is.

## Wanneer is boedelbelasting betaalbaar?

Boedelbelasting word tans gehef op die belasbare bedrag van die boedel teen 'n vaste tarief van 20%. Die belasbare bedrag word bereken deur 'n R3.5 miljoen primêre korting van die 'netto waarde van die boedel' af te trek. Die waarde van alle eiendom in die oorledene se boedel wat aan die langslewende eggenoot toeval ingevolge die oorledene se testament of deur intestate erfopvolging, kan afgetrek word tot die mate waartoe dit in eiendom ingesluit is.

## Het 'n erfgenaam 'n keuse?

Enige begunstigde is daarop geregtig om 'n nalatenskap of erfporsie te repudieer of daarvan afstand te doen.

Keuse ontstaan wanneer eggenotes hulle boedels saamgesmelt het en die langslewende eggenoot moet kies om sy/haar deel te vat en afstand te doen van die voordele van die gesamentlike testament of om toe te laat dat sy/haar deel van die hand gesit word en die voordele daarvan te geniet. Daar word gewoonlik na hierdie keuse van die langslewende eggenoot as 'adiasie' verwys.

Waar 'n erfgenaam van sy erfporsie afstand doen, sal sodanige erfporsie toeval ingevolge die oorledene se testament of ingevolge die regte van intestate erfopvolging.

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA

Tel: (+27) 12 366 8800
Faks: (+27) 12 362 0969
www.lssa.org.za

Posbus 36626
Menlo Park 0102
Docex 82, Pretoria
304 Brooks Straat
Menlo Park, Pretoria 0081